

BASTION LIME (EDMS) BPK (“BASTION”)

TERME EN VOORWAARDES

1. Bastion verskaf kalk en verwante produkte aan die landbousektor. Hierdie terme en voorwaardes reël die koop van sodanige produkte.
 - i. Sodra 'n **kwotasie** (uitgereik deur Bastion aan 'n klant met betrekking tot 'n spesifieke produk/produkte), deur 'n klant aanvaar word; of
 - ii. 'n Klant 'n **bestelling** plaas vir 'n spesifieke produk/produkte by Bastion en Bastion sodanige bestelling aanvaar,

kom 'n koopkontrak in verband met die spesifieke produk/produkte tot stand tussen die partye.
2. Die koopprys van enige produk, hetsy bestel of per kwotasie, is betaalbaar binne 3 (drie) dae na aanvaarding van die bestelling of kwotasie soos hierbo uiteengesit, tensy die klant 'n goedgekeurde kredietlimiet by Bastion het.
3. Indien 'n kredietlimiet ten gunste van die klant in plek is, mag die aankoopprys van enige produk nie die kredietlimiet oorskry nie. Sou 'n aankoop die kredietlimiet oorskry, sal slegs die gedeelte van die produk wat binne die kredietlimiet geakkommodeer kan word, gelewer word.
4. In gevalle waar produk aangekoop word en die klant se goedgekeurde kredietlimiet reeds ten volle opgeneem is, of slegs 'n gedeelte van die aankoop ingevolge die kredietlimiet geakkommodeer kan word (klousule 3), sal die gedeelte van die aankoop wat nie binne die kredietlimiet geakkommodeer kan word, nie onderworpe wees aan die bepaling van klousule 2.
5. Die koopprys van die produk/produkte gelewer ingevolge:
 - i. 'n **bestelling**, is Bastion se heersende prys per metrieke ton van die produk/produkte, soos in die bestelling ooreengekom, hetsy verpak of in losmaat en ongeag die datum waarop die bestelling geplaas is;
 - ii. 'n **kwotasie**, is die prys per metrieke ton soos in die kwotasie aangedui.
6. In geval van 'n **bestelling** waar die produk/produkte oor 'n tydperk gelewer word, is die prys van elke lewering Bastion se heersende prys soos op die datum van lewering, tensy anders skriftelik ooreengekom deur Bastion.
7. Betaling van die produk (en indien van toepassing, die vervoer daarvan sou Bastion die vervoer reël - sien klousule 14), moet as volg geskied:

- i. waar die koop van die produk geskied ingevolge 'n goedgekeurde kredietlimiet, moet die betaling gemaak word ingevolge die terme soos ooreengekom op die bestelling;
 - ii. in alle ander gevalle met betaling in kontant geskied voor lewering van die produk/produkte. Betaling mag by wyse van elektroniese fondsoordrag ("EFT") geskied. Kontantbetalings sal geag ontvang te wees wanneer dit in Bastion se bankrekening reflekteer.
8. Bastion sal nie enige verpligting hê om enige produk te lewer of enige ander dienste te verskaf sou 'n klant nalaat om enige betaling te doen ingevolge klousule 7, of nalaat om volle betaling te maak.
9. Alle betalings wat ingevolge hierdie ooreenkoms gemaak moet word, moet in die volgende Bastion bankrekening gedoen word:

Bank: Absa Bank

Tak: Lichtenburg

Taknommer:334239

Rekeningnommer: 990350388
10. Sou die klant op enige stadium na aanvaarding van 'n bestelling of kwotasie (sien klousule 2) die bestelling wat daaruit voortspruit wil kanselleer (hetsy geheel of gedeeltelik), sal 'n kansellasiefooi gelykstaande aan 5% (vyf persent) van die waarde van die bestelling gehef word, welke deur die klant betaal moet word. Die klant is nie geregtig om enige bestelling, of enige gedeelte daarvan, wat reeds gelewer is, te kanselleer nie.
11. Alle betalings, welke nie spesifiek hierin uiteengesit is nie, is betaalbaar binne 30 (dertig) dae na faktuur, tensy spesifiek skriftelik anders ooreengekom deur Bastion.
12. Lewering vind plaas wanneer die produk/produkte gelaai word op die voertuig (hetsy pad of spoor), wat die produk/produkte namens die klant vervoer. Lewering geskied by die Bastion perseel soos in die relevante kwotasie of bestelling aangedui. Elke vrag van die produk/produkte gelaai, word geag 'n aparte bestelling daar te stel vir doeleindes van lewering en fakturering.
13. Die klant is verantwoordelik vir die reëling en betaling van alle vervoer (en enige verwante koste), met betrekking tot die produk/produkte.

14. Die klant moet self die produk/produkte by die relevante Bastion perseel kollekteer. Bastion mag, in gevalle waar die klant dit versoek, die vervoer van die produk/produkte namens die kant reël, op koste van die klant. Bastion is nie verplig om sodanige vervoer te reël nie. Sou Bastion instem om die vervoer te reël mag Bastion, in sy uitsluitlike diskresie, besluit op die vervoerkontraakteur wat aangestel word asook die basis waarop sodanige aanstelling mag plaasvind. Sodanige vervoerkontraakteur sal geag word die klant se agent te wees vir doeleindes van hierdie ooreenkoms.
15. In gevalle waar Bastion die vervoer reël, moet die klant die vervoerkoste ten volle voor lewering van die produk/produkte op aanvraag aan Bastion betaal. Waar slegs gedeeltelike betaling van die vervoerkoste ontvang word, sal Bastion geregtig, maar nie verplig, wees om sodanige vervoer te kanselleer sonder enige aanspreeklikheid. In die geval waar die vervoer deur Bastion gekanselleer word, soos in hierdie klousule voorsien, sal die klant verantwoordelik wees vir die betaling van enige koste wat mag voortvloei as gevolg daarvan.
16. Sou die klant die reëlings met betrekking tot die vervoer wou wysig (waar Bastion die vervoer reël), byvoorbeeld deur die wysiging van die adres waar die produk afgelaai moet word, mag Bastion, in sy uitsluitlike diskresie, daartoe toestem sonder om daartoe verplig te wees. Die klant sal verantwoordelik wees vir alle addisionele koste wat mag voortspruit uit die wysiging.
17. Sou die klant nalaat om enige verskuldigde betaling te doen, of 'n betaling maak na die betalingsdatum, sal die klant verantwoordelik wees vir alle koste en skade wat mag voortvloei as gevolg van die wanbetaling of laat betaling.
18. Bastion waarborg of onderneem geensins lewering op 'n bepaalde datum nie, maar sal sover moontlik poog om lewering te laat geskied so na as moontlik aan die datum vermeld in die bestelling. Bastion is nie aanspreeklik vir enige skade wat veroorsaak word deur laat lewering ongeag die oorsaak daarvan.
19. Bastion waarborg by lewering die volle gewig van die produk/produkte, soos op die weegbrugstrokie aangedui. Indien die klant beweer dat die gewig van die produk/produkte gelewer minder is as wat op die weegbrugstrokie aangedui word, rus die bewyslas op die klant om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat die gewig aangedui, foutief is.
20. Die klant moet binne 5 (vyf) dae na lewering van die produk, enige dispuut met betrekking tot die kwaliteit van die produk skriftelik aan Bastion rapporteer by die volgende e-posadres: sales@bastionlime.co.za. Indien 'n kwaliteitdispuut nie binne die 5 (vyf) dae periode aangemeld word soos hierin uiteengesit is nie, word geag dat die

kwaliteit van die gelewerde produk voldoen aan die standarde wat daarop van toepassing is.

21. Bastion is geregtig om enige reghskoste aangegaan om enige reg ingevolge hierdie ooreenkoms af te dwing, te vorder van die klant op 'n kliënt/prokureurskaal. Bastion is geregtig om rente te hef op agterstallige bedrae bereken teen die Bastion bankiers se prima uitleenkoers, soos van tyd tot tyd van toepassing, plus 2%.
22. Sodra die produk/produkte gelewer word, gaan alle risiko oor op die klant.
23. Eiendomsreg van die goedere word deur Bastion voorbehou totdat die koopprys en alle ander koste in verband daarmee, ten volle betaal is.
24. Bastion mag hierdie terme en voorwaardes van tyd tot tyd wysig. Sodanige wysiging sal effektief wees vanaf datum waarop dit gepubliseer word op Bastion se webblad. Bestellings aanvaar deur Bastion voor wysiging van die terme en voorwaardes, sal hanteer word ingevolge die terme en voorwaardes wat van toepassing was met aanvaarding van die bestelling deur Bastion.
25. Geen voorstelling, onderneming of waarborg sal enige krag of werking hê tensy dit op skrif gestel en namens Bastion deur 'n gevolmagtigde verteenwoordiger onderteken is. Die klant erken ook dat geen voorstellings gemaak of waarborge of ondernemings gegee is behalwe, die wat op hierdie dokument verskyn.
26. 'n Sertifikaat uitgereik deur enige bestuurder van Bastion, wie se magtiging en aanstelling nie bewys hoef te word nie en waarin die verskuldigde bedrag van die klant aan Bastion uiteengesit word, sal dien as prima facie-bewys van die inhoud daarvan in enige verrigtinge of hofgeding. Sodanige sertifikaat sal ook geag word 'n likiede dokument te wees.